NUUSBRIEF

Nommer 1

17 Januarie 2020

LAER VOLKSKOOL

GRAAFF-REINET

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

WELKOM
Baie welkom aan alle ouers en leerlinge na ‘n heerlike vakansie. ‘n Spesiale verwelkoming aan al die nuwe leerlinge en die Graad 1 leerlinge. Mag die Vader ons krag gee vir 2020 met al die uitdagings.

SKOOLREëLINGS
Alle skoolreëlings in verband met u kind, hetsy doktersafspraak, vroeër skool verlaat ensovoorts moet asseblief per epos aan die skoolhoof gekommunikeer word.

SKOOLTYE
Die skooltye sal vanaf Maandag, 20 Januarie as volg wees.
Maandae begin die skool om 08:00. Dinsdae tot Vrydae begin die skool om 07:15.

Maandae tot Donderdae verdaag die skool as volg:

Gr 1-2	12:30
Gr 3	13:00
Gr 4 – 7	13:30

Vrydae verdaag die skool as volg:

Gr 1 – 2	12:10
Gr 3	12:40
Gr 4 – 7	13:00

BELANGRIKE ATLETIEK DATUM
Atletiek (Baanitems) wat op Maandag, 20 Januarie sou plaasvind is verskuif na Vrydag, 24 Januarie om 07:30.

SKOOLDRAG GR 1 – 3
Volgende week kom Gr 1 – 3 leerlinge elke dag met LO drag en tekkies skool toe. Indien die leerlinge nie LO drag besit nie, dra hulle volle skooldrag.

d6 KOMMUNIKEERDER
Ons moedig al die nuwe ouers aan om d6 op hul selfoon of rekenaar af te laai. Sodoende bly u op hoogte van al die nuus en gebeure by die skool. Gebruik “Playstore” om die “app” af te laai.

SPORTDRAG
Regstelling op Prospektus. Die Dogters dra die nuwe maroen hempie vir Tennis, Hokkie en Netbal.

FINANSIëLE HULP
Aansoekvorms vir Finansiële Hulp sal in Februarie 2020 beskikbaar wees.

SKRYWES WAT U VANDAG ONTVANG
Nuwe Kwartaal Kalender
Nuwe Buitemuurse Program
ATLETIEKBRIEF

TENNISBAAN SLEUTELS
Indien ouers met hul kinders na ure en op Saterdae wil oefen, kan u 'n tennisbaan sleutel teen R250 'n jaar by die skool aankoop. Daar is sekere reëls wat nagekom moet word, indien u 'n sleutel koop. Ons vervang eerskomende week die slotte. Sleutels kan vanaf volgende week by die kantoor gekoop word. **Bring asseblief die ou sleutel saam.**

MY SCHOOL
Ons moedig u aan om "MY School" kaarte te gebruik by Woolworths, Engen, Reggies, Waltons, kalahari.net en Quick Stop ens. **"Every Swipe Counts".** Laer Volkskool kry 'n sekere persentasie van u aankope. "Elke druppel help om die emmer vol te maak". Al die graad 1's en nuwe leerders ontvang vandag aansoekvorms. Laat weet indien u nie 'n "My School" kaart het nie. Ons sal sorg dat u 'n aansoekvorm ontvang.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

SPORT

SARAH BAARTMAN TENNISPROEWE
Baie sterkte aan al die spelers wat aan die Sarah Baartman Tennisproewe gaan deelneem.

C-GROEPGALA
'n Gala vir C-groep swemmers word op Saterdag, 25 Januarie aangebied by die swembad by Hoër Volkskool op Graaff-Reinet. Ouers wat aan hulle kinders die geleentheid wil gee om aan 'n C-groepgala deel te neem, moet asb. so spoedig moontlik die briefie so volledig moontlik voltooi en terugstuur na Corlé by die swemklub, Mev. Botha of Mev. Luiters by Laer Volkskool. As jy B-groep gala geswem het, mag jy nie weer C-groep gala swem nie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

DIE NUWE JAAR
Wat gaan jy doen met die nuwe jaar wat voorlê?
"Jy kan self kies, my kind,"
Is wat die Vader sê!

U kroon die jaar met u goeie gawes.

Psalm 65:12

D.Joubert (Skoolhoof)
Epos: *hoof*@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803